Wêreldbiddag vir Vroue 2022

"BID GEDURIG"
"PRAY AT ALL TIMES"

Riglyne vir die leier

Liewe Leier / Koördineerder November 2021

Ons groet jou in die wonderlike naam van God Drie-enig, Vader, Seun en Heilige Gees! Die Wêreldbiddag is ’n wêreldwye, ekumeniese beweging van Christen-vroue, -mans en kinders, wat jaarliks bymekaarkom om ’n besondere dag van gebed te vier. Regoor die wêreld (in 176 streke en lande) word dieselfde tema, met dieselfde formaat erediens, gevier. Die goue draad van ons Verlossing deur Jesus Christus word hierdeur bevestig, ongeag waar in die wêreld ons woon of watter taal ons praat. Dit is ongelooflik om deel van so ’n magtige gebedsketting te wees.

Baie dankie dat jy bereid is om die diens vir 2022 in jou kerk of gemeenskap te organiseer. Die laaste twee jaar was besonder uitdagend vir Suid-Afrika. Na die Covid-19-pandemie wat die wêreld so onverwags in 2020 getref het, moes ons ook die massa-vernietiging en plundering van ons geliefde land aanskou. Ons het gebed en eenheid in Christus meer as ooit tevore nodig.

Die tema vir Wêreldbiddag 2022 is baie toepaslik vir ons verwagtinge vir ’n nuwe en verenigde land. Ons God en Verlosser bevestig Sy liefde vir ons: “Ek weet wat Ek vir jou beplan” (Jeremia 29:11). Ons vertrou dat jy God se versekering en getrouheid in jou voorbereiding vir die diens sal ervaar. Dit is ’n uitnodiging om, in tye van swaarkry, ons vertroue in God te plaas.

Die program vir die diens is deur Engeland, Wallis en Noord-Ierland, onder leiding van die Internasionale Komitee, saamgestel. Die Programkomitee van Suid-Afrika het dit vir Suidelike Afrika se unieke omstandighede aangepas. Die program dien as riglyn in die beplanning van die aanbiddingsgeleentheid. Dit is nie ’n rigiede program nie, en u is welkom om aanpassings te maak om die styl van aanbidding, liedere en behoeftes in u omgewing te akkommodeer.

***VOORSTELLE VIR DIE AANBIEDING VAN DIE TEMA*, “Ek weet wat Ek vir jou beplan.”**
Ons wil graag in die diens van “duisternis” na “lig” beweeg – van negatiewe plekke na die positiewe hoop wat ons in God en Sy planne vir ons vind. Ons het kerse gebruik as ’n simbool van lig wat deur duisternis breek, en saadjies as ’n simbool van Sy hoop.

- *Kyk na die Voorbereidings op p. 3 van die Program.*
- *Tafel in die Liturgiese area: Gooi ’n blou tafeldoek oor (dit simboliseer die see rondom die eilande), met groen elemente wat die land uitbeeld, en grys/bruin vir die stede en dorpies.*
- *Plaas ’n Bybel en sewe kerse op die tafel. Die Bybel is oop by Jeremia 29:14. Die sewe kerse word tydens die erediens aangesteek, en verteenwoordig die sewe streke van die Wêreldbiddag-familie.*
- *Plaas ’n wêreldkaart op die tafel, omring deur figuurtjies uit gekleurde papier. Dit simboliseer die verskeidenheid volke. Plaas ook simbole en foto’s van Engeland, Wallis en Noord-Ierland op die tafel.*
- *Deel klein pakkies saad uit, as simbool van ons hoop in God.*
- *Maak die storie lewendig in jul eie konteks, en fokus op elkeen se keuse om sy hoop en lig, gebore uit God se beloftes aan ons, te gaan uitleef.*
- *Ruim genoeg geleentheid in vir persoonlike, sowel as behoeftes van die gemeenskap, in gedurende Spontane Gebed.*
- *Die Power Point en Musiek-CD is beskikbaar om ekstra agtergrond en atmosfeer aan die diens te verleen.*

KUNSWERK OP DIE VOORBLAD: “Ek weet wat Ek vir jou beplan.”

Vryheid: ’n oop deur wat na ’n paadjie lei wat op die horison wegraak
Regverdigheid: Gebreekte kettings
God se Vrede en Vergifnis: die duif van vrede en ’n vredes-lelie wat deur die plaveisel groei.’n Reënboog wat getuig van alles wat sedert Noag se tyd tot vandag gebeur het. Dit is simbool van die oorweldigende liefde van God.

BEMARKING
Die Biddag moet so wyd as moontlik in werksplekke, Laer- en Hoërskole, Bybelstudiegroepe, damesontbyte, aftree-oorde, ens aangebied word. Adverteer hierdie geleentheid asseblief wyd en syd.

FINANSIES
Kollektes wat opgeneem word, is die enigste bron van inkomste vir die Wêreldbiddag, en ons versoek u om dit asb aan die Nasionale Kantoor oor te betaal. Die Wêreldbiddag betaal donasies aan instansies in verskillende provinsies, soos besluit deur die Nasionale Komitee. Dit word jaarliks namens al die vroue van die Wêreldbiddag uitbetaal, wat ons eenheid in Christus bevestig. Omdat die kontantfooie deur banke so hoog is, vra ons mooi dat u, sover as moontlik, internetbetalings doen.

Indien jy enige navrae het, kontak ons gerus by 082 450 9305
Of stuur ’n epos na wwdpsa@gmail.com / Webtuiste (www.wwdp.co.za)

Women's World Day of Prayer 2022

"BID GEDURIG"
"PRAY AT ALL TIMES"

Guidelines for the Leader

Dear Leader / Coordinator November 2021

We greet you in the mighty name of God, our Father, Son and Holy Spirit! The World Day of Prayer is a worldwide ecumenical movement of Christian women, men and children who come together annually to observe a common day of prayer.

All over the world (176 regions and countries) the same theme is observed, together with the order of service. The golden thread of our Salvation through Jesus Christ is therein confirmed, no matter in which part of the world we live, or whatever language is spoken. It is amazing to be part of this chain of prayer.

Thank you for organizing the worship service for 2022 in your local church or community. The past two years have been extremely challenging for South Africa. After the Covid-19 pandemic hit the world so unexpectedly in 2020, we also had to witness mass destruction and looting in our beloved country. We need prayer and unity in Christ more than ever.

The WDP 2022 theme emerges like a balm of confidence. It is so relevant for our aspirations for a new and united country, where our Lord and Saviour confirms His love for us; "I know the Plans I have for you" (Jeremiah 29:11). We trust that you will experience God's reassurance and faithfulness in preparing for the service. It is an invitation to place our trust in God in times of suffering.

The worship booklet is a resource material and is compiled by the writer countries (England, Wales and Northern Ireland) under the guidance of the International Committee. It is adapted for Southern Africa's environment by the South African Program Committee. The program is translated into eight of the official languages spoken in South Africa. The program is a support to putting together the worship service. Feel free to shorten the program to the style of worship and needs of your local community.

SUGGESTIONS ON THE PRESENTATION OF THE THEME, "I know the Plans I have for you":
We wanted the service to move from 'darkness' to 'light' – from negative places to the positive hope we find in God and God's plans for us. We have used candles as a symbol of light shining through darkness, and seeds as a symbol of God's hope.

- *Look at the "Preparation" on p. 3 of the Worship Service.*
- *Table in the Worship area: Cover it with a blue cloth (symbolising the sea around the islands), with elements of green for the land and grey/brown for the towns and cities.*
- *Place a Bible opened at Jeremiah 29:11 and seven candles on the table, to be lit during the service. The seven candles represent the seven regions of the World Day of Prayer family.*
- *Place a world map on the table, encircled by differently coloured paper figures (symbolising the diversity of people) and symbols and pictures of England, Wales and Northern Ireland.*
- *Hand out small parcels of seed to the ladies, as a symbol of God's hope.*
- *Bring the story alive in your own context, and focus on everybody's choice to spread hope and light, born out of God's promises to us.*
- *Create enough opportunity for personal or local prayer during Spontaneous Prayers*
- *The Power point and Music CD are available to give extra background and atmosphere to the service.*

ARTWORK OF COVER DESIGN: "I know the Plans I have for you" – Artist Angie Fox

Freedom: an open door to a pathway across an endless open vista.
Justice: broken chains.
God's Peace and Forgiveness: the dove of peace and a peace lily breaking through the pavement.
Over all, a rainbow which has come to represent all these things from the story of Noah through to the modern day. It is a symbol of the overreaching love of God.

ADVERTISING: *This day can also be observed in the workplace, in primary and high schools, Bible study groups, ladies' breakfasts, care homes for the aged, etc. Promote this event in the church and as widely as possible in your area. Follow our FB page for clips, prayers, information, etc. as a tool for your virtual services.*

FINANCES: *The offerings received are the ONLY source of income for the WWDP, hence we appeal to you to send the offerings to the office. WWDP pays out donations from the offerings to charities in various provinces, as resolved by the National Committee on behalf of all women of WWDP, which further shows that we are one in Christ. Due to the fact that the cash fee charged by the banks is extremely high, we request you to please help us save money by using internet payments, as far as possible.*

If you have any queries, please contact the office (082 450 9305)
or visit the website: www.wwdp.co.za or email us: wwdpsa@gmail.com